# HOOFSTUK II.

## AGTERGROND VIR DIE BENADERING VAN DIE PROBLEEM VAN HIERDIE PROEFSKRIF.

1. Inleiding: Ten einde 'n duidelike beeld van die voorgeskiedenis van hierdie studie te hê, sal in hierdie hoofstuk die historiese verloop van die volgende nagegaan word:

(a) Die Nederlandse tradisie aan die Kaap.

(b) Engelse beïnvloeding van die skoolwese ten opsigte van beheer.

(c) Onderwysontwikkeling in die V.S.A. sover dit oor beheer gaan.

(d) Beheer in die Transvaal vanaf 1852 tot 1907.

(e) Die Smutswet.

Omdat die kerk in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse onderwysontwikkeling 'n belangrike rol gespeel het sal met die behandeling van bogenoemde steeds die rol van die kerk beklemtoon word.

2. Die Nederlandse tradisie tot 1907.

Met die Dordtse Sinode (1618-'19) het die Nederduitse Hervormde Kerk se standpunt insake onderwys vaste vorm aangeneem.[1] Die kerk sou die oppergesag van die staat op onderwysgebied erken, omdat die staat ook gereformeerd was, terwyl die staat van sy kant die reg van die kerk erken om voor te skryf wat op die gebied van die godsdiens in die skool geleer moet word, sowel as om onderwysers te toets wat betref hulle bekwaamheid en regsinnigheid in die leer.[2]

1). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 22.
2). Lugtenburg: Kerk en Onderwys in Nederland van die Hervorming tot 1650, 216. (Hoofstuk uit Wonderdade van God)

Die skool deur die Dordtse Sinode omskryf was dus 'n Gereformeerde Staatskool. Volgens die Sinode se omskrywing van die aandeel wat huis, skool en kerk sou hê by die beginsels van die Gereformeerde leer, is dit duidelik dat 'n belangrike deel van die skoolonderwys deel uitgemaak het van die kerkamptelike werk wat voorberei het vir belydenis van die geloof. Die optrede van die onderwyser as voorleser en voorsinger, verbind hom nog nouer aan die kerk. Die predikant het gereeld, min of meer in die hoedanigheid van skoolinspekteur, die skool besoek, en was soms vergesel van 'n verteenwoordiger van die staat.[1)]

Die Nederlandse nedersetters aan die Kaap was trots op hulle vaderland wat toe aan die toppunt van sy mag was. Verder is dit vanselfsprekend dat hulle die Nederlandse leefwyse, instellinge en onderwys netso hier sou oorplant. Aan die begin van die volksplanting na 1652 het die onderwys dan ook vanaf 1663 met die eerste skole vir blankes sterk onder die invloed van die kerk gestaan. Die eerste sieketroosters en predikante was tegelyk ook die onderwysers. En selfs toe aparte leermeesters op skole aangestel is, was die predikant en die ouderling gelas om die skole te besoek en te inspekteer veral met betrekking tot onderrig in Bybelkennis en die Gereformeerde kerkleer. Vir 150 jaar of meer was hierdie stelsel van kerklike „visitatores" - soos hulle genoem is - gangbaar.[2)]

---

1). Lugtenburg: Kerk en Onderwys in Nederland van die Hervorming tot 1650, 216.

2). Albertyn: Die Twee Volkspilare, 99.

Goewerneur Mauritz Pasques de Chavonnes, vaardig in 1714 die „ordonnantie van de School ordenning" uit en bring so die eerste mate van beheer oor die openbare en privaatskole. Toesig oor die onderwys sou voortaan berus by die sekundus aan die Kaap, die kaptein van die garnisoen en die predikant as skolarge onder die oppertoesig van die Goewerneur en die Raad. Die skolarge het die eerste ad hoc onderwysraad aan die Kaap uitgemaak.[1] Reeds so vroeg as 1654 is soortgelyke liggame soos die skolarge in Holland aangetref wat vir alle praktiese doeleindes skoolrade was.[2] Uit nadere vergelyking blyk dit dat reglemente en gebruike in die moederland vir De Chavonnes as belangrike rigsnoer gedien het by die reëling van onderwyssake hier.[3]

Nadat die Kaap in 1795 in Engelse hande oorgegaan het, het tot 1803 'n tydperk van Britse bewind gevolg, wat ten opsigte van die onderwys met geen noemenswaardige veranderinge gepaard gegaan het nie.

Na die herinbesitname van die Kaap in 1803, deur die Bataafse Regering tree De Mist as belangrike onderwyshervormer onder die invloed van Rousseau en Voltaire te voorskyn. In die Skoolorder van De Mist wat op 11 September 1804 gepasseer is, kom twee nuwe denkbeelde na vore, naamlik die verantwoordelikheid van die staat om volksonderwys te reël en die onttrekking van die onderwys aan die gesag en direkte invloed van die kerk. Daar is uitdruklik bepaal: „openbare schoolen tot onderwijzing der jeugd behoren niet tot enig bijzonder kerkgenootschap."[4]

---

1). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 10-11.
2). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 36.
3). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 11.
4). Albertyn: Die Twee Volkspilare, 99.
Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 31-34.

Die naturalistiese teorieë van die Franse filosowe het ook die Nederlandse leefwyse deurdring sodat in 1795 die Kerk geskei is van die Staat, en die skole staatsinstellings word wat die sosiale en politieke teorieë van die regerende klasse weerspieël.[1) ] Die beheer en toesig oor die onderwys sou onder De Mist direk aan 'n komitee van skolarge wat uit sewe lede bestaan, toevertrou word. Die swaartepunt is nou verskuif van onderwysbeheer deur die kerk na 'n oorwegend sekulêre en nasionale stelsel.[2)]

Dr. E.G. Malherbe maak die interessante opmerking dat die stelsel van landdros en heemrade wat in die buitedistrikte in swang was onder die koloniste om wet en orde te handhaaf, verantwoordelik was vir die politieke opleiding van die Suid-Afrikaner. Hy stel dan die vraag in hoeverre hierdie stelsel die grondslag gevorm het vir die latere ontwikkeling van skoolkomitees en skoolrade.[3)]

Die uitlewing van die nuwe beginsel van die Franse Rewolusie aan die end van die 18de eeu, en van die industriële rewolusie veral in die eerste helfte van die 19de eeu, gee aanleiding tot die sosialisering van die onderwys in Nederland. Hierdie sosialiseringsproses het drieërlei veranderinge teweeggebring:

(1) die feitlik volkome sekularisasie van die onderwys.

(2) die eliminasie van die kerklike oppermag en oorheersing, en

(3) die substitusie van staatsteun deur staatskontrole.

---

1). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922, 24.
2). Id., 50 en 52.
3). Id., 32-33.

Die vroeëre owerheidskole is omgesit in neutrale staatskole.[1]

In Nederland word gedurende die hele 19de eeu ŉ skoolstryd gevoer om die gelykstelling tussen die openbare onderwys wat van die owerheid uitgaan en die bepaalde onderwys wat deur partikuliere verenig-inge beheer word. Dit kulmineer in 1900 in ŉ nuwe onderwysreëling. Die Nederlandse onderwys sluit sedertdien ten nouste aan by die Nederlandse volksaard. Op elke gebied, sowel geestelik as maatskaplik, word die dominerende gedagte van vryheid aangetref. Dit is dan ook logies dat selfs die Nederlandse Grondwet die vryheid van die onderwys beklemtoon:

> „En niet alleen is het geven van het onderwijs vrij, ook het ontvangen van onderwijs, in deze zin dat de ouders aan hun kinderen dat onderwijs kunnen laten geven, hetwelk zij voor hen wensen is vrij."[2]

Uit hierdie vryheid kom dan ŉ groot verskeidenheid van skooltipes en onderwysmetodes voort. Gepaard met die groot mate van vryheid vind ons ŉ hoë mate van desentralisasie weens die verdeling van funksies.[3] Die desentralisasie hang saam met die erkenning en respektering van die vryheid van die gemeentes en van die „partikuliere verenigingen", wat skole oprig volgens die wens van die ouers.[4]

Die werklike onderwysgesag berus met enkele uitsonderinge, by die plaaslike outonome gemeenskappe

---

1). Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 100-104.
2). Wesselings: Het Onderwijs in Nederland, 1.
3). Idenburg: Education in the Netherlands, 8.
T.O.D. : Verslag van Oorsese Sending, 49.
Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen: Onderwijs en opvoeding in Nederland, 2.
4). Ibid.

en liggame, sodat die skole verdeel kan word in Openbare en Besondere skole met verdere onderverdeling in Gemeentelike en Kerkskole, wat verder verdeel kan word in Katolieke en Protestantse skole met verdere onderverdeling in Gereformeerde, Hervormde skole, ens.[1]

Hierdie Nederlandse reëling en die gees van vryheid wat dit gekenmerk het, het later groot invloed op die C.N.O.- rigting en in besonder op die Gereformeerde Kerk se beleidsrigting veral ten opsigte van ouerseggenskap, uitgeoefen. Die gevolg was dat daar steeds druk op die onderwysowerhede in Transvaal uitgeoefen is om groter ouerseggenskap oor die onderwys van hul kinders te verkry.

3. Engelse beïnvloeding uit Engeland en die Kaap tot 1907 ten opsigte van onderwysbeheer.

(a) Die periode tot 1839.

Die Smutswet van 1907 het grotendeels sy beslag gevind in die bestaande Engelse stelsel in swang aan die Kaap.

In Engeland was die kerk tot in die tweede helfte van die 17de eeu oorheersend en dit is eers na die Puriteinse rewolusie dat die gesag van die staatskerk afgeneem het, en die staat self direk in betrekking tot die onderwys gekom het.[2] Kenmerkend van die onderwys in Engeland aan die begin van die 19de eeu was die gebrek aan 'n algemene onderwysstelsel. Die opvoedkundige stelsel het dan ook groot ooreenkoms getoon met die algemene samestelling van die gemeenskap.[3] Dit was in die hande van die godsdienstige filantropiese

---

1). T.O.D.: Verslag van Oorsese Sending, 49.
2). Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 95.
3). Cramer & Browne: Contemporary Education, 57.

liggame en alle vooruitgang op onderwysgebied moet aan dié liggame toegeskryf word.[1] Die Engelse het 'n stelsel van kosskole gehad. Die waarin die vry-leerlinge in die meerderheid was, word bekend as die oorspronklike „Grammar School" en die waarin betalende leerlinge in die meerderheid was, die moderne Engelse „Public School."[2] Die eerste mate van staatsbeheer, hoewel nog indirek, kom eers in 1833. In die jaar is £20,000 gestem vir onderwysdoeleindes, veral vir die oprigting van skoolgeboue in Groot Brittanje; Skotland sou 'n aparte £10,000 ontvang.[3] Omdat daar geen staatsmasjinerie was om die gestemde regeringstoelaes te beheer nie, is die geld aan die twee bestaande verenigings oorhandig, nl. aan die National Society en die British and Foreign Society. Van belang is om daarop te let dat skole alleen staatstoelaes kon ontvang op voorwaarde dat die helfte van die koste reeds behoorlik deür vrywillige bydraes gedek was. Hier is 'n beginsel aanwesig die sogenaamde waarborgstelsel wat ook in die Kaapkolonie op die toekenning van staatstoelaes vir onderwysersalarisse van toepassing was.[4] Dieselfde beginsel is in Transvaal toegepas aan die einde van die vorige eeu, en die C.N.O.-beleid en in besonder lede van die Gereformeerde Kerk dring steeds daarop aan dat die ouer deel van die skoolgeld moet betaal om ouer-

---

1). Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915, 18.

2). Barnard: History of English Education 1760-1944, 63-64.
Cramer and Browne: Contemporary Education, 57.
Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915, 22-23.

3). Barnard: History of English Education 1760-1944, 63-64.
Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915, 114.

4). Van Wyk: Id., 24-26.

seggenskap en -belangstelling te verseker in die onderwys van hulle kinders. In April 1839 word deur middel van ŉ bevel-in-rade ŉ spesiale komitee van die Geheime-Raad in Engeland in die lewe geroep met die doel om onderwystoelaes te beheer.[1] Dit is die begin van ŉ onderwysdepartement en die eintlike begin van die huidige Ministerie van Onderwys.[2]

Met die tweede Britse besetting was daar aanvanklik weinig verandering in die onderwys.

> „The English brought with them no tradition of an efficient system of elementary education. English elementary education was at that time limited in scope and often narrowly religious in content."[3].

Cradock verbind die onderwys weer ten nouste aan die kerk en waar enigsins moontlik moes die werk deur die koster of voorleser waargeneem word.[4] Hierdie kosterskole het onder direkte toesig van die plaaslike liggaam, gewoonlik die kerkraad, gestaan en is oor die algemeen beheer deur die skoolkommissie onder die oppertoesig van die regering, wat die grootste gedeelte van die onderwysers se salarisse verskaf het. Dieselfde toestande soos onder die Kompanie, voor die koms van De Mist, is hiermee feitlik herskep.[5]

---

1). Barnard: History of English Education 1760-1944, 63-64.
Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915, 26.

2). Cramer & Browne: Comtemporary Education, 62.

3). McKerron: A History of Education in South Africa (1652-1932), 18.

4). Albertyn: Die Twee Volkspilare, 99.
Bingle: Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika 1859-1899, 9.
Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 41.

5). Cilliers: Die Geskiedenis van Christelike Nasionale Onderwys in Kaapland tot 1900, 33.

Die stelsel toon wat plaaslike beheer betref ooreenkoms met dié in Engeland; daar was natuurlik geen sprake in Engeland van sentrale toesig oor die onderwys nie. Lord Charles Somerset het in sy strewe om verengelsing, deur die invoering van Engelse en Skotse onderwysers, te verwesenlik ook die onderwys in gedrang gebring. As reaksie teen Somerset se sogenaamde vry Engelse skole om die verengelsingsproses te bevorder, ontstaan privaatskole.[1] Herhaaldelik in die toekoms sou die Afrikaner sy toevlug neem tot privaatskole sodra hy voel dat sy regte in gedrang is. Onder Engelse bewind het die beleid geleidelik verander van 'n kerklike dominasie van die skoolwese, deur die voorskrywing van die aard van die leerplan en die soort onderwys wat die onderwyser mag gee, tot 'n politieke despotisme wat die bevolking wou angliseer. Die stelsel misluk. In beide gevalle het die beheer van bo gekom en was die stelsel gesentraliseerd. Die gesentraliseerde beheer van die onderwys in die hande van die goewerneur het alle plaaslike inisiatief en belangstelling uitgedoof en alle samewerking tussen staat, skool en huis onmoontlik gemaak.[2]

Goewerneur George Napier voel hierdie gebrek aan uniformiteit in eenheid van doel en strewe aan, en voel dat 'n geskikte sentrale beherende gesag gebiedend noodsaaklik was om hierin die voortou te neem. 'n

---

1). Bingle: Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika 1859-1899, 9.
Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 44 en 47.
Jooste : Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959, 297.

2). Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915, 54.

„Professional leader of Education" in die persoon van sir John Herschell is ingeroep.[1] Op 23 Mei 1839 volg die belangrike regeringsmemorandum wat die kiem bevat vir 'n latere onderwysdepartement. Hiervolgens sou tot stand kom 'n Departement van Onderwys, onder beheer en toesig van die „general Superintendent of Public Education", James Rose-Innes.[2]

(b) <u>Die periode 1839 - 1907</u>.

In 1870 het die Elementary Education Act in Engeland skoolrade, wat plaaslik verkies sou word, daargestel. Hierdie skoolrade moes toesien dat elementêre onderrig voorsien word in gebiede wat die verenigings verwaarloos het.[3] Die onderwyswet van 1870 het die land in skooldistrikte verdeel en aan die denominasies is die eerste reg gegee in verband met die oprigting van skole. Indien nie van hierdie reg gebruik gemaak word nie, kan skoolrade in die lewe geroep word, wat dan belas sou wees met die oprigting en instandhouding van skole. 'n Soortgelyke wet is in 1872 in Skotland aangeneem. Hiermee ontstaan twee tipes elementêre skole, die sogenaamde board schools wat steun ontvang het deur middel van plaaslike belastings, en die voluntary schools wat in stand gehou is deur filantropiese bydraes. Onderwys was nog nie verpligtend of vry nie. Eers in 1880 is

---

1). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 64.
2). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 71.
3). Cramer en Browne: Contemporary Education, 62.
Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 167.
Barnard: A Short History of English Education 1760-1944, 135. „The 1870 Act was essentially a compromise. It did not create a new system of education, or a completely compulsory system, or a free system. It left room for voluntary effort and school fees and private endowments."

elementêre onderwys verpligtend gemaak en vanaf 1891 is dit in meeste sentra vry.[1] Elementêre opvoeding is in 1870 daargestel om geletterde werkers vir die vinnig ontwikkelende industriële uitbreiding van die land te verskaf. Die nywerheidsontwikkeling het gaandeweg hoër eise gestel sodat die kennis van die elementêre skool nie meer voldoende was nie. Aan hierdie behoefte is voldoen aan die einde van die 19de eeu deur die daarstelling van sekondêre skole.[2] In 1899 konsentreer die Board of Education Act die beheer van die onderwys in 'n sentrale onderwysraad, die sg. Board of Education.[3] In 1902 is die onderwyswet ingedien wat skoolrade opgehef het en alle skole onder die beheer van munisipale liggame, die Local Education Authorities, geplaas het. Die liggame het die reg gehad om belastings vir onderwysdoeleindes te hef en om die afsonderlike skole in hulle betrokke gebied onder die toesig van plaaslike skoolkommissies van ses lede elk te plaas. Hierdeur is 'n staatsraamwerk verskaf, waarop sedertdien die onderwys verder gekonsolideer en genasionaliseer is.[4]

Na die aanstelling van Rose-Innes as superintendent van onderwys aan die Kaap, ontstaan twee soorte skole aanvanklik:

(1). Die eerste klas of principal schools wat bestem was om vir die groter dorpe en stede voorsiening te maak vir primêre en 'n sekondêre leerkursus.

---

1). Cramer en Browne: Contemporary Education, 62.
2). Kandel: The New Era in Education, 130.
3). Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915, 37.
4). Id., 38.

(2) Die tweede klas of secondary schools was bestem vir die kleiner plekke op die platteland en het net 'n primêre kursus voorsien.

Hierdie regeringskole was vry.

(3) In 1843 is egter 'n derde en nuwe klas die sogenaamde ondersteunde skole opgerig.[1)]

Hierdie skool sou later vinnig toeneem.

Sentrale beheer bly in die jare onveranderd, maar plaaslike deelname ondergaan 'n verandering wat in nou verband staan met die beginsel van staatsteun wat in 1841 en 1843 toegepas is. Die neiging het veral by die klas III, ondersteunde skole, ontstaan om meer belangstelling te wek in onderwyssake aan die kant van die ouer.[2)] Die ouers het bewus geword van die noodsaaklikheid van onderwys en die staatsbeheerde Engelse skole was strydig met die begeertes van die mense en gaan daarom teen 1870 tot niet.[3)] Waar die regering vir die hele koste in verband met die onderwys goedgestaan het, kon hy gevolglik voorskrywe. Die toelaagstelsel het plaaslike inisiatief aangemoedig by die derde klas skole. Skoolkomitees is saamgestel om die onderwyser aan te stel, onderhewig aan goedkeuring van die Superintendent.[4)] In 1855 is afdelingsrade daargestel wat ook gedien het as plaaslike skoolkomitees. Hierdie rade sou belasting vir onderwysdoeleindes hef, maar daar het niks van tereg gekom nie. Die rade was

---

1). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 56-57.

2). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 115.
Pells: 300 Years of Education in South Africa, 24-25.

3). Malherbe: Id., 116.

4). Coetzee: Id., 63.

net vir drie jaar gekies en het geen kontinuïteit gewaarborg nie.[1)]

Gedurende hierdie jare het die Hollandse Kerke baie vir die onderwys gedoen:

> „The Dutch Reformed Church was one of the most powerful agencies of the Grants-in-aid system. It futhered the interest of education throughout the country by sympathetic supervision, by establishing institutions of higher education (especially for girls), by actively supporting teacher training, industrial schools, and by bringing mother-tongue instruction to its rights in the schools."[2)]

Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het sedert 1842 'n vaste Onderwyskommissie vir die bevordering van sowel die burgerlike as die godsdienstige onderwys gehad. In 1849 het die kerk die bekende Normaalskool vir die opleiding van onderwysers in Kaapstad gestig. Hierdie inrigting het 60 jaar lank uitnemende christelike onderwysers gelewer.[3)] Wat die beheer oor die onderwys betref, was daar in die laaste kwart van die 19de eeu 'n heftige stryd oor die vraag wie verantwoordelik is vir die opvoeding van die jeug : die staat, die kerk of die ouers. Di. W.A. van der Lingen, S.J. du Toit, W.P. de Villiers, M.P.A. Coetzee, „Die Patriot", die Gereformeerde Kerk, die Roomse en Engelse (Episkopaalse) Kerk was almal teenstanders van die staatskool en het byna almal kerkskole voorgestaan, maar naderhand die beginsel van

---

1). McKerron: A History of Education in South Africa 1652-1932, 31.

2). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 117.

3). Albertyn: Die Twee Volkspilare, 100.

staatsubsidie aanvaar. Daarteenoor staan die Ned. Geref. Kerk wat deurgaans die staatskole wou behou maar wou christianiseer; alleen teen die end van die eeu het daar by hom ook stemme begin opgaan vir kerkskole, weens die verwaarlosing van die Afrikaanse nasionale tradisies en godsdiens, veral gedurende die Anglo-Boere-oorlog.[1] Hierdie toestand het homself ook weerspieël in die Transvaal. Die probleem van behoorlike plaaslike beheer het die aandag van Parlementêre Komitees in Kaapland oor 'n tydperk van bykans 50 jaar geniet. Hulle het almal skoolrade met die reg om belasting te hef, bepleit. Die ideaal is eers in 1905 verwesenlik.[2] Hiermee gaan dan ook verpligte skoolbesoek gepaard.

Gedurende die Muir-regime ondergaan die beheer van die onderwys 'n daadwerklike verandering. E.G. Pells gee dit duidelik:

> „To make education universal it had to be made compulsory. Only the State could make it so. Compulsory education implies State provision of education. The control of education thus largely yet not entirely, slipped from the grasp of the local (which usually meant the Church) authorities during the regime of Thomas Muir."[3]

In 1905 is die „School Board Act" op die wetboek geplaas. Die Kolonie is in ongeveer honderd skoolraadsdistrikte verdeel, waarvan elkeen beheer sou word deur 'n skoolraad bestaande uit ses tot agtien lede, twee derdes waarvan verkies deur die munisipale of afdelingsraadse belastingbetalers, terwyl die orige derde

---

1). Cilliers: Die Geskiedenis van die Christelik-Nasionale Onderwys in Kaapland tot 1900, 116.
2). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 132.
3). Pells: 300 Years of Education in South Africa, 43.

ter beskerming van die minderhede deur die goewerneur benoem sou word.[1] Hulle moes nuwe skole stig wat deur die departement goedgekeur is op voorwaarde dat hulle onsektaries was en beheer was deur skoolkomitees. Skoolrade het finansiële beheer oor die skole onder hulle jurisdiksie, insluitende die mag om onderwysers se salarisse vas te stel en die gelde in elke skool asook die huur van die nodige geboue te behartig.[2] Plaaslike finansiële verantwoordelikheid is voortaan geheel en al deur die skoolrade gedra, en die skoolkomitees het slegs die ouers of voogde van die kinders in 'n besondere skool verteenwoordig. Die skoolkomitees wat vir 3 jaar gekies is en in die reël uit 7 lede bestaan het, het die algemene toesig oor die skool waargeneem en onderwysers onderhewig aan die goedkeuring van die onderwysdepartement, aangestel. Skoolbywoning is verpligtend tussen die ouderdomme van sewe en veertien jaar. Teen 1913 egter eers het meeste van die skoolrade van die magsverlening om bywòning verpligtend te maak, gebruik gemaak.[3]

Soos later sal blyk is die Transvaalse onderwysstelsel grootliks beïnvloed deur die bestaande stelsel in die Kolonie. Skoolrade en skoolkommissies vervul in Transvaal haas 'n soortgelyke rol. Die skoolrade is egter nooit met belastingheffende magte beklee soos in die geval in die Kaapkolonie nie.

---

1). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 78.
2). McKerron: A History of Education in South Africa (1652-1932), 33.
3). Coetzee: Id., 79.

4. Beheer in die onderwys in die V.S.A. tot 1907.

Alhoewel daar geen beïnvloeding vanuit die V.S.A. in hierdie tydperk uitgegaan het nie, is dit nodig om kortliks te let wat die posisie daar was ten einde die ooreenkoms uit die gemeenskaplike herkoms te sien.

Amerika se onderwys het aanvanklik ook die patroon van die Europese tweeledige stelsel gevolg waardeur elementêre onderrig beskikbaar was vir die gewone leerling terwyl enigiets daarna feitlik net vir die gegoedes gereserveer is.[1] Gedurende 'n kort tydsbestek het die Amerikaanse onderwys karaktertrekke ontwikkel wat eie is en die klasseverskille uit die weg geruim.[2] Die vroeëre skole is beheer deur die dorpsvergadering; wat eintlik bestaan het uit die lede van die kerk en die gemeenskap. Die goedkeuring van die predikant moes verkry word by die aanstelling van 'n onderwyser in die Latynse skool. Die predikant het inspeksie gedoen en 'n program van werksaamhede daargestel. Gekose verteenwoordigers van die dorp, almal leke, het gedien op die skoolkomitee, maar die kerk het beheer uitgeoefen.[3] Die konstitusie van die V.S.A. wat in 1789 aangeneem is, was 'n kompromis tussen 'n sterk sentrale regering en 'n losse federale unie. Op daardie tydstip was alle skole beheer deur die kerke of plaaslike groepe en bly ook so. Die sentrale regering het egter konsekwent gepoog om onderwys te verbeter terwyl dit onder die direkte sorg van die betrokke

---

1). Drake: The American School in Transition, 81.
Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 348.

2). Meyer: Id., 349.

3). Drake: Id., 82.

state gebly het.[1] Netsoos in die moederlande het die koloniste drie metodes van onderwysfinansiering aangewend : kerk, liefdadigheid en staatshulp.[2] Die grootste invloed op die Amerikaanse lewenswyse gedurende die 19de eeu was soos in Engeland die Industriële Rewolusie:

> „It was in die industrial centres of the East where the idea of education for all the people, especially on the elementary level, first took an effective hold."[3]

Teen 1830 was die fondament gelê vir algemene onderwys en die volgende drie dekades is dan ook die „battle for free schools" wat deur Mann en Barnard aangegaan is.[4] In 1867 het die Kongres voorsiening gemaak vir 'n Federale Departement van Onderwys wat sedert 1929 bekend is as die United States Office of Education.[5] Die funksie van hierdie departement was oorspronklik die versameling, publikasie, en interpretasie van statistieke en feite-informasie betreffende praktyke en metodes in verskillende dele van die land, asook die algemene bevordering van onderwys. Dit was nie veronderstel dat die departement enige administratiewe verantwoordelikheid vir enige skool of skoolstelsel sal hê nie. Onderwys het 'n funksie gebly van die betrokke staat wat die onderwysaangeleenthede na sy eie goeddunke gereël het. Die staat laat op sy beurt weer 'n groot mate van vryheid toe aan gebiede en distrikte om hulle eie onderwysprogram uit te voer. Die ver-

---

1). Cramer en Browne: Contemporary Education, 41.
2). Reinhardt: American Education. An Introduction, 153.
3). Drake: The American School in Transition, 187.
4). Reinhardt: American Education. An Introduction, 154.
5). Cramer en Browne: Id., 42.

naamste uitvoerende beampte van die onderwysraad in die staat is die staat-superintendent. Sy werk is hoofsaaklik statisties en administratief.[1)]

Die organisasie van staatsonderwys is onderverdeel in kleinere administratiewe eenhede soos dorpe of distrikte. Aanvanklik was hierdie eenhede deur aardrykskundige en kulturele faktore bepaal. Die plaaslike skool word beheer deur 'n onderwysraad, 'n liggaam wat saamgestel is deur die stadsraad of wat verkies word deur stemgeregtigdes. Hierdie rade se funksies varieer van plek tot plek en selfs binne dieselfde staat.[2)] Hulle is die direkte verteenwoordigers van die gemeenskap. Hulle stel 'n beleid daar wat uitgevoer word binne die raamwerk van die betrokke staat. Die rade stel onderwysers aan; verkry terreine vir skole; koop voorrade aan; hef belastings; oorweeg leerplanne; stel regulasies op vir die beheer van skole; en gee uitvoering aan verpligte skoolbesoek.

Die hoof plaaslike skoolbeampte staan bekend as die superintendent wat omtrent die gesamentlike pligte van 'n skoolraad-sekretaris en 'n inspekteur van onderwys hierby ons saamvat.

5. <u>Beheer in die onderwys in Transvaal vanaf 1852 tot 1910.</u>

(a) <u>Die beginjare 1852-1877.</u>

Die trekkende Boere was uiters gesteld op twee sake: hul godsdiens, en die opvoeding van hul kinders. Saam met hulle het 'n paar skoolmeesters getrek. Hierdie soort opvoeding was kerngerig en kerngesond.[3)] Om belydende lidmaat van sy kerk te word, was 'n mate van onderwys nodig vir die pionier. Alle

---

1). Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 365-366.
2). Id., 368-369.
3). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 261.

onderwys was van 'n private en 'n plaaslike aard, omdat die ouers of groep ouers in die omgewing self die verantwoordelikheid moes dra om 'n onderwyser te huur.[1) Die onderwysbeheer gedurende die eerste jare van georganiseerde onderwys was die direkte gevolg van die onklaarheid op maatskaplike en staatkundige gebied. Die onderwys was 'n ouer-verantwoordelikheid. Die voorsiening van en beheer oor die onderwys, die onderwyser se salaris, die skoolgebou en die hulpmiddels was in die hande van die Boerepionier self. Die gevolg was dat die Boer in latere jare, toe beter onderwysgeleenthede gebied is, verkies het om sy eie sake op onderwysgebied te behartig.[2)]

Die koms van H. van der Linden, J.W. Spruyt en W. Poen op 19 Julie 1852 het beide kerk en staat voor onvoorsiene verantwoordelikheid geplaas.[3)] Gelyktydig is die eerste wetlike reglement vir die onderwys in Transvaal wat handel oor skoolopsig deur die Volksraad uitgevaardig. In sy volle konsekwensies beskou, het ons hier die aanvang van direkte Staatsonderwys. Alhoewel die Volksraad die kerkraad met die finansiële verantwoordelikheid belas het, het dit die reg behou om onderwysers aan te stel.[4)] Dit was egter te verwagte dat die kerkraad sy stem sou wou laat geld in die aanstelling en die eksaminering van die onderwyser. Later in 1859, is in die Suid-Afrikaansche Republiek die ge-

---

1). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 224.
Pells: 300 Years of Education in South Africa, 33.

2). Roos: Plaaslike Beheer in die Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1852-1899, 14-15.

3). Id., 41.

4). McKerron: A History of Education in South Africa (1652-1932), 40.
Malherbe: Id., 226.

dagte van staatsverantwoordelikheid, ook vir die plaaslike onderwysbeheer wettiglik bestendig toe die regering positiewe leiding geneem het met die benoeming van 'n skoolkommissie op Potchefstroom en Lydenburg.[1)]

Die grondweg van president M.W. Pretorius bepaal in artikel 24:

> „Het volk verlangt den opbouw, bloei en welvaart van Kerk en Staat en uit dien hoofde voorziening in de behoefte aan Nederduits Hervormde Predikanten en Schoolonderwyzers."[2)]

Onderwys was saam met godsdiens beskou as 'n nasionale funksie en word met die staat gekoppel.[3)] 'n Algemene Kommissie van onderwys is ook in Mei 1859 benoem om algemene toesig oor die onderwys in die hele Republiek te hou en het gefungeer tot 1868. Die oprigting van hierdie Algemene Kommissie was 'n belangrike mylpaal want hieruit het met verloop van tyd die Transvaalse Onderwysdepartement ontwikkel.[4)]

Gedurende hierdie tydperk het die Republiek sy oë na die stamland, Holland, gekeer; die onderwys in hierdie periode is dan ook op Hollandse en Kaaps-Hollandse grondslag ingerig. Met die onderwysers en Predikante wat uit Holland gekom het, was die Hollandse invloed oorheersend. In 1868 moes die Algemene Kommissie ontbind, omdat dit nie sy bestaan geregverdig het nie en die onderwys is toevertrou aan die plaaslike kommissies. Die onderwysbeleid het gedurende die jare

---

1). Roos: Plaaslike Beheer in die Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1852-1899, 42-43.

2). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 22.

3). Lugtenburg: Onderwyskontrole uit die hande van die Kerk geneem, 266. (Uit Wonderdade van God).

4). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1836-1907), 113.

1859-74 ontplooi en verskillende pogings is aangewend met betrekking tot die onderwysbeheer. Weens die onrustige politieke toestande was onderwys aan die einde van hierdie periode op 'n lae peil.[1)]

In 1874 publiseer president J.F. Burgers, in navolging van die Hollandse Wet van 1857, sy nuwe onderwyswet.[2)] Die toesig oor die skole berus by 'n Superintendent-generaal van Opvoeding, in navolging van die Kaapse voorbeeld van 1839.[3)] Alle onderwysers word deur die regering aangestel. Skoolkommissies sou sorg vir die skoolgebou en toebehore. Die ou tradisie van onderwys word nou vervang deur 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys.

Waar plaaslike gemeenskappe en skoolkommissies wel pogings aangewend het om die wet toe te pas, was dit spoedig duidelik dat daar aan hulle te hoë eise gestel is en dat hulle nie bereid of nie in staat was om die finansiële verpligtinge wat deur die wet op hulle gelê is, ter wille van die onderwys van hulle kinders na te kom nie.[4)] Volgens Malherbe was die tyd vir 'n delegering van magte nog nie ryp nie.[5)]

(b) <u>Kerklike invloed op die onderwys 1859-1877</u>.

Alhoewel die Staat nominaal vir die onderwys moes sorg, was dit eintlik die Kerk wat sorg gedra het dat die kinders op skool kom. Waar leerlinge weens armoede nie die skool kon bywoon nie, het die kerk die

---

1). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 266.
Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 233-234.

2). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1836-1907), 132.

3). Id., 131.

4). Roos: Plaaslike Beheer in die Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 138.

5). Malherbe: Id., 244.

nodige voorsiening gemaak vir gelde, e.d.m.[1)]

Die ouer, as ouer, het geen stem gehad, met die onderwyswet van 1866, by die aanstelling van skoolkommissies nie. Dit het ook gegeld vir die aanstelling van onderwysers. Dr. Lugtenburg wys daarop dat daar 'n onderskeid was wat betref die goewermentskole en die stelsel van privaatonderwysers:

> „Netsoos ons aan die Kaapkolonie feitlik twee onderwysstelsels langs mekaar gehad het - een in die stede (minder nadruk op godsdiensonderwys) en een vir die platteland (groot nadruk op godsdiensonderwys) - vind ons 'n skeiding in die Republiek."[2)]

Die Gereformeerde Kerk wat pas in 1859 gestig is, bepaal gedurende hierdie tydperk hoofsaaklik sy grondslae van die onderwys.[3)] Waar die gereformeerde vaders van die Hervormingstyd geywer het vir die bestaan van gereformeerde owerheidskole wou die gereformeerde manne van 1859 eie kerk- of altans gemeenteskole hê volgens 'n besluit van die Kuratore op 4 Julie 1870.[4)]

(c) <u>Die jare 1877 tot 1899 in Transvaal</u>.

Met Wet No.10 van 1880 het die skoolkommissies offisieel opgehou om te bestaan, terwyl die plaaslike inisiatief en veral die finansiële bydrae tot die onderwys wetlik 'n voorvereiste geword het vir enige regeringsteun aan die onderwys, sodat die private inisiatief en verantwoordelikheid nie misken is nie, maar

---

1). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 233.
2). Lugtenburg: Die Kerk herwin Vryheid van Handeling, 273. (Uit Wonderdade van God.)
3). Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 15-16.
4). Sinodale Handelinge 1873 : bylae 4.
Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 17.

wel die skoolkommissies as offisiële instellings.[1)]

Na die herstel van die Republiek is ds. S.J. du Toit as Superintendent van Onderwys, 'n vurige pleitbesorger van Christelik-nasionale onderwys, aangestel.[2)] Vir hom is onderwys nie 'n saak van die staat nie, maar wel van die ouer en die kerk - dat die staat dus sy bemoeiinge moet beperk tot 'n bydrae vir steun volgens die aantal leerlinge en die graad van die onderwys, en verder toesig moet hou dat die geld goed gebruik word. Die oprigting van skole is dus oorgelaat aan partikuliere-plaaslike inisiatief, omdat die skool geen staatseiendom en die onderwysers geen staatsamptenare is nie. Hierdie grondgedagte is beliggaam en uitgewerk en Wet No.1. van 1882.[3)] Die Staat se bydrae het nou net daarin bestaan om private en sektariese pogings te steun. Die kerk word nou 'n belangrike faktor in die onderwys.[4)] Die opvoeding was vir ds. Du Toit 'n saak van ouerreg en ouerplig, die nakoming van die doopbelofte en dit wel onder toesig van die kerk. Die verwagting wat ds. Du Toit van die Republikeinse ouer gekoester het met betrekking tot die onderwys van die jeug, is nie allerweë verwesenlik nie, sodat die beginsel van partikuliere inisiatief in die onderwys in twyfel getrek is.[5)] Dr. N. Mansvelt bou voort op die algemene beginsels van C.N.O. soos deur

---

1). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1836-1907), 157.

2). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 269.
Bot: Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951, 15.

3). Coetzee: Id., 269-270.

4). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 259.

5). Roos: Plaaslike Beheer in die Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 263.

ds. Du Toit neergelê. Die plaaslike onderwyssake het egter nie na wense verloop nie. Verdeeldheid op kerklike gebied en die toenemende verarming het die plaaslike inisiatief verder lam gelê,sodat selfs die Superintendent aan die beginsel van partikuliere inisiatief begin twyfel het. Met die toenemende regeringsverantwoordelikheid vir die finansiële bestaan van die skole het ook die regeringskontrole oor die plaaslike reëlings toegeneem.[1)]

(d) <u>Kerklike invloed op die onderwys 1877-1899</u>.

(i) <u>Die Ned. Herv. of Geref. Kerk</u>.

Daar het in hierdie tyd 'n georganiseerde veldtog teen die staatskole uitgegaan. Die beginsel van ouerreg en ouerplig waarop die onderwysstelsel van die land gebaseer was, sou deur die oprigting van die staatskole verkrag word. Veral het dit ook gegaan om die miskenning van die regte en die plek van die kerk in die plaaslike onderwysbeheer. Die staatskole sou replikas wees van die godsdienslose staatskole in Holland. Hierdie skole sou vanweë hulle betere inrigting 'n gevaar inhou vir die swakkere gesubsidieerde skole.[2)] By die Algemene Vergadering van 1897...... „keurt de Commissie het beginsel dat onderwijs in de eerste plaats berust by de ouders en de Kerk, goed, en spreukt hare afkeuring uit over de oprichting van Staatscholen en beveelt aan dat Wet No.15 1896 herroepen zal worden."[3)]

---

1). Van Wyk: Plaaslike Beheer in die Onderwys van Transvaal 1902-1910, 9.

2). Roos: Plaaslike Beheer in die Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1852-1899, 433.

3). Lugtenburg: Onderwys na die Kerkvereniging, 291. (Uit Wonderdade van God.)

(ii) Die Gereformeerde Kerk.

Vanaf 1882 kom daar 'n kentering ten opsigte van onderwys, want dit blyk dat die rigting van die onderwys Christelike skole met staatsteun was en nie suiwer kerklike skole nie.[1] Met die Agste Algemene Sinodale Vergadering van die Geref. Kerk in Suid-Afrika besluit die Sinode (Art. 139) dat die ouers self moet sorg vir die onderwys van hulle kinders en kon die kerkraad 'n kerkskool oprig vir die gemeente. Die Christelike skool het dan reg om net soos enige ander skool hulp van die Regering te ontvang. Hier is dan die begin van die Christelike skool met staatsteun.[2]

In Oktober 1889 besluit die Algemene Vergadering (art.38) om die „hoofbestuur van die onderwys" te ontbind - 'n bewys dat die gereformeerde manne in Transvaal hulleself neergelê het by die praktyk van die Christelike goewerment- of staatskole.[3]

Dit het nie lank geduur nie of daar het weer stemme opgegaan teen die openbare skole en vir kerkskole soos blyk in Maart 1897 en Januarie 1899 se Algemene Sinodale Kerkvergaderings van die Gereformeerde Gemeentes.

(iii) Die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika.

Van die Algemene Kerkvergaderinge het, selfs nadat die Kerk in 1886 opgehou het om staatskerk te wees, geen aanmoediging ten gunste van die stigting

---

1). Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959, 306-307.
2). Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in die Transvaal 1859-1937, 21.
3). Id., 21-22.

en beheer van eie kerkskole uitgegaan nie. Waar skole wel in verband met die kerkrade van die Ned. Herv. Kerk tot stand gekom het en deur sulke kerkrade beheer is, was dit dan ook die produk van partikuliere inisiatief van afsonderlike kerkrade en nie die uitvoering van 'n aanvaarde beleid van die kerk nie.[1] Die Hervormde Kerk wou nooit sektaries wees nie en is dus nie 'n voorstander van groepskole nie.[2]

(e) Die jare 1899 tot 1907 in Transvaal.

Met die vrede op 31 Mei 1902 word die Boere Republieke Engelse kolonies en die onderwys sou doelbewus Engels word.[3] Die ou staatsondersteunde C.N.O.-skole moes met die onderwyswet van 1903 van Sargant plek maak vir 'n stelsel van vrye (liberale), nie-sektariese, nie verpligte staatskole. Die Luitenant-goewerneur-in-rade bly die hoogste gesag, en mnr. E.B. Sargant word eerste volle Direkteur van Onderwys. Sargant se stelsel was egter onprakties. Sy stelsel maak nie voorsiening vir die samewerking van die ouers nie; dit was heeltemal gesentraliseerd en burokraties.[4] Die Britse owerheid wou aanvanklik alle mag en beheer oor die onderwys in eie hande hou - 'n suiwer totalitariese stelsel - om des te makliker sy planne te kan uitvoer om die twee Boere Republieke te angliseer.[5]

---

1). Roos: Plaaslike Beheer in die Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1852-1899, 252.
2). Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 426.
3). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 276-277.
4). Pells: 300 Years of Education in South Africa, 72.
5). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1836-1907), 276.

Hoewel ŉ staatsbeheerde onderwysstelsel in sy moederland heeltemal ongeskik sou wees, skroom die Britse bewindhebber tog nie in die minste om so ŉ stelsel op ŉ ander volk af te dwing nie. Die onderwerping van die Boerevolk aan die Britse gesag en die oogmerk van Milner om die Afrikaners met behulp van staatskole te angliseer, sou bots met die Christelik-nasionale oortuiging van die verowerde volk. ŉ Stryd om ouerseggenskap in die onderwys sou volg.[1)]

Lord Selborne volg lord Milner in April 1905 op. Adviserende skoolrade en skoolkomitees word ingestel en vir die eerste keer onder kroonkoloniebestuur kon die skoolkomitees die direkteur adviseer in verband met die aanstelling van onderwysers.[2)] Die Selborne-minute kan volgens Malherbe beskou word as die Magna Charta vir plaaslike beheer in Transvaal.[3)]...„It form-

> ed the foundation for all subsequent legislation on this matter in the Transvaal..... Lord Selborne went straight to the heart of the educational difficulty in the Transvaal, viz.:the choice of the teacher by the Local Committee, and the Dutch medium question."

(f) <u>Die organisasie en beheer in die Christelike-nasionale onderwys 1902-1907</u>.

Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu het die Transvaalse bevolking ŉ eie onderwysstelsel na eie aard en lewensbeskouing ontwikkel. Die ouer was verantwoordelik vir die opvoeding van sy kind en die onderwys moes in ŉ Christelike gees gegee word. Om dit te verseker moes die ouer plaaslik beheer uitoefen deur middel van plaaslike besture of

---

1). Van Wyk: Plaaslike Beheer in die Onderwys van Transvaal 1902-1910, 9 en 81.

2). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 179.

3). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 326.

skoolkomitees, benoem deur die ouers.[1] Met die Britse verowering en die instelling van suiwer staatskole, het 'n spontane reaksie teen die Engelse staatskole ontstaan, wat aanleiding gegee het tot die C.N.O.-beweging. In die stryd vir C.N.O. het die Hoofdkommissie ter behartiging van die C.N.O., die drie Hollandse Kerke en die Het Volkparty hartlik saamgewerk. Daar is van alle kante onderhandelings met die owerheid gevoer en pogings is aangewend om groter seggenskap vir die ouer by die benoeming van die onderwyser te verkry, om die regte van die Hollandse taal te beskerm en die regering te beweeg om subsidies aan die C.N.O.-skole te betaal.

Die vooruitsig om 'n eie regering onder verantwoordelike bestuur aan bewind te hê, het nuwe hoop gebring, maar met die Het Volksparty aan die bewind wat 'n konsiliasiebeleid gevolg het, die verarmde toestande van die volk en die verdeeldheid in eie geledere ten opsigte van onderwysbeginsels, het die C.N.O.-beweging die stryd gewonne gegee.[2]

(g) Kerklike invloed op die onderwys 1900-1907.

Die Hollandse Kerke het hulle volle gewig in die C.N.O. stryd gewerp en heelhartig saamgewerk. Sargant vestig dan ook die aandag op die rol van die Kerk in sy onderwysrapport (1900-1904):[3]

> „There are remarkable analogies between the action of the Dutch church at this time, and the action of the Anglican church at various crises in the educational history of England. The very name „National", which distinguishes the primary schools of the Church of England points an analogy."

---

1). Van Wyk: Plaaslike Beheer in die Onderwys in Transvaal 1802-1910, 138.

2). Id., 139.

3). T.O.D.-Rapport 1900-1904, 53.

Nadat dit duidelik geword het dat C.N.O.-skole deur die staat oorgeneem sou word, was dit veral die leiers van die Gereformeerde Kerk wat die gedagte van vrye skole voorgedra het.

6. Die Smutswet van 1907 en beheer in die onderwys.

(a) Inleiding.

Hierdie wet het in hooftrekke die belangrikste beginsels van die Selborne-Minute vervat waarin aan die bevolking meer plaaslike beheer asook onderrig in Hollands toegestaan is.[1] Nie alleen het Sargant en Selborne se onderwyswetgewing invloed op die ontwikkeling van die verdere onderwys in Transvaal uitgeoefen nie, maar ook die onderwysbeskouïng van John Adamson, die Direkteur van Onderwys, was vir die verdere ontwikkeling van die onderwys van die grootste belang.[2]

Die val van die Balfourregering in Engeland en die oorname van die landsbestuur deur die Campbell-Bannerman-kabinet, het aan generaal Smuts die langverwagte geleentheid gebied om sy invloed te gebruik ter verkryging van selfbestuur in Transvaal in 1906.[3] Na die verkiesing vroeg in 1907 is generaal J.C. Smuts benoem tot Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys.[4]

Hy het 'n nuwe grondwet vir die onderwys opgestel wat op 19 Augustus 1907 deur die Volksraad goedgekeur is en op 1 Oktober van krag geword het. Hierdie wet no. 25 van 1907, was tot 1953 - met klein wysigings van tyd tot tyd - die geldende wet op onderwysgebied in

---

1). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 337.

2). Snyman: Histories-Kritiese Studie van die Smuts-onderwyswet van 1907, 209.

3). Id., 201 en 202.

4). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 279.

Transvaal.[1)]

„Dit is volledig en noukeurig deur 'n regsgeleerde opgestel! Dit het 'n dokument van groot historiese betekenis geword."[2)]

(b) Bepalings van die Smutswet insake beheer in die onderwys.

Die aanhef van die wet is interessant vir die doel van hierdie verhandeling daar dit dui op kernsake: ouerseggenskap, medium van onderrig en neutrale godsdiensonderrig:

„Nademaal het wenselik is om het tans in dese kolonie bestaande systeem van openbaar onderwijs te wijzigen met het doel om voorziening te maken voor het daarstellen van vertegenwoordigende schoolbesturen ten einde te verzekeren dat het medium van onderwijs van die kinderen daarin zoo doeltreffend mogelik bevorderd wordt en verder verzekeren dat daarin godsdienst onderricht van een onsektaries karakter zal worden gegeven;...[3)]

(1) Hoofstuk I: Die Sentrale Beheer van Openbare Onderwys.

(Hierdie afdeling is uiteengesit in artikels 3-6)

Die Departement van Onderwys word in die lewe geroep met 'n Direkteur van Onderwys aan die hoof wat onderworpe is aan die bestuur en kontrole van die Minister van Onderwys [4)] Die Minister se pligte is duidelik omskrywe, onder andere die oprigting en instandhouding van skole en koshuise, die subsidiëring van inrigtings vir onderwys, biblioteke en weeshuise; die verskaffing van vervoer en mediese dienste en die toe-

---

1). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 280.

2). Ibid.

3). Onderwysvetten van 1907, 1908 en 1909, 1.

4). Met die Suid-Afrika-Wet is Minister vervang deur Administrateur.

kenning van beurse waar nodig. Die Goewerneur[1] (later Administrateur) sal inspekteurs en amptenare aanstel om te help met die administrasie van die departement.

(2) Hoofstuk II: Die Onderwysraad.[2]

Die Direkteur van Onderwys tree as voorsitter van die Onderwysraad op en word deur vier ander lede, deur die Goewerneur, vir 'n tydperk van vier jaar benoem, bygestaan.[3] Die eerste lede van die Raad was J.E. Adamson, direkteur en voorsitter, dr. N.M. Hoogenhout, dr. F.V. Engelenburg, H.A. Robinson en T. Reunert.[4] Hierdie Raad het gedurende die jaar ongeveer elke week vergader.

Die funksie van die Raad sou wees om die Minister van Onderwys (later Administrateur) te adviseer met betrekking tot geldelike sake, die opstelling van nuwe regulasies, die aanstelling en afdanking van leerkragte, skoolgelde en taalsake. Dr. Basson wys daarop dat die funksie van hierdie Raad verskil van die funksie van die Britse „Board of Education" van 1899; en hoewel die rede vir die instelling van hierdie raad ook van sy Britse voorganger verskil, het dit nogtans van Britse kant gekom.[5] Aanvanklik is hierdie afdeling nie in die wetsontwerp opgeneem nie, maar is ingevoeg op aandrang van die Britsgesinde opposisie in die Wetgewende Vergadering, daar hulle bang was, omdat hulle nie meer die mag in hande gehad het nie, dat die Minister van Onderwys te outokraties sou optree.

---

1). Met die Suid-Afrika-Wet is Goewerneur vervang deur Administrateur.

2). In 1915 is die Onderwysraad deur die Uitvoerende Komitee vervang - Ordonanties No.4 van die Provinsie Transvaal 1915, 8.

3). Wetten van de Transvaal 1907, 202.

4). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 337.

5). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys 1636-1907, 465.

Aan die Kaap is in 1857 en 1859 voorgestel dat so ŉ Raad gestig word, maar daar is nooit sover gekom nie.[1]

In Natal is so ŉ onderwysraad gestig in 1858 wat tot 1894 bestaan het.[2] Dit is nie seker of die Transvaalse wetgewers die Natalse wet geraadpleeg het nie, want die Natalse raad het soortgelyke funksies as die latere in Transvaal gehad.

(3) Hoofstuk IX: Plaaslike Bestuur van Skole.

(i) Skooldistrikte.

Die kolonie [3] (later provinsie) word in skooldistrikte verdeel: elke distrik kry ŉ skoolraad en elke skool ŉ skoolkommissie.[4]

(ii) Samestelling van Skoolrade.
(Artikels 39 tot 56)

In elke distrik sou ŉ skoolraad wees bestaande uit 6, 9 of 12 lede; een-derde word deur die Goewerneur[5] (later Administrateur) ingestel en die res verkies.[6]

Enige meerderjarige manlike of vroulike blanke persoon wat binne die gebied woon mag lid word, behalwe as sodanige lid ŉ vreemdeling is, met harde pad gestraf en nie vir ten minste drie jaar reeds vrygelaat is nie, of kranksinnig, ongerehabiliteerd, bankrot of ŉ onderwyser of amptenaar van die departement is.

---

1). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys 1636-1907, 466.
2). Steenkamp: Onderwys vir Blankes in Natal 1824-1940, 64.
3). Later gewysig deur Suid-Afrika-Wet.
4). Smutswet: art. 38.
5). Later gewysig deur Suid-Afrika-Wet.
6). Smutswet: art. 39.

Persone wat om die een of ander rede nie meer die nodige kwalifikasies besit nie of wat sonder verlof drie agtereenvolgende vergaderings afwesig is of wat omkoopgeld ontvang het, sal ipso facto ophou om lid van die skoolraad te wees.[1)]

Elke inwoner van 'n distrik wat stemgeregtig is by 'n verkiesing van die Wetgewende Vergadering[2)] (later Volksraad en daarna Provinsiale Raad van Transvaal), mag as kieser deelneem aan skoolraadsverkiesings.[3)]

Nominasies vir kandidate vind op vasgestelde tye plaas op die voorgeskrewe vorm en wyse, en na die verkiesing word die name van die verkose en benoemde lede in die staatskoerant gepubliseer.[4)] Die eerste skoolrade wat onder die wet verkies word, sou tot 30 Junie 1910 fungeer.[5)]

'n Maand na die nominasie word 'n stemming per geslote stembriefie gehou wat aan die kiesers van die distrik per pos gestuur word. Waar 'n toevallige vakature ontstaan deur dood of bedanking, word die vakature vir die resterende termyn deur die raad self gevul in die geval van 'n verkose lid, en deur die goewerneur (later administrateur) in die geval van 'n benoemde lid.[6)]

In gevalle waar 'n raad sy pligte versuim, het die goewerneur die mag om die raad te ontbind

---

1). Smutswet: art. 40.
2). Later gewysig deur Suid-Afrika-Wet.
3). Smutswet: art. 41.
4). Id., art. 42.
5). Goewermentskennisgewing no.1281 van 1907.
6). Smutswet: artikels 43-47.

en 'n nuwe raad in te stel. Tot tyd en wyl die nuwe raad begin funksioneer, sal die onderwysdepartement die verpligtinge van sodanige raad nakom.[1)]

Uittredende lede van enige aard bly in diens totdat nuwe lede benoem of verkies is.[2)] Die koste van skoolraadverkiesings word uit die algemene fondse bestry.[3)]

By die eerste vergadering, of so gou moontlik daarna, kies die raad 'n eie voorsitter en onder-voorsitter. In die afwesigheid van die voorsitter neem die onder-voorsitter oor. Indien albei afwesig is, kies die lede 'n voorsitter. Die voorsittende beampte het 'n beslissende stem.[4)]

Nie minder as drie lede en nie meer as vyf sal 'n kworum vorm.[5)] Notules van alle vergaderings moet gehou word en by 'n volgende vergadering gelees en goedgekeur word. Die Direkteur van Onderwys of sy gemagtigde sal die reg tot insae in die notule hê.[6)]

Onderhewig aan die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys stel 'n raad sy eie sekretaris en tesourier aan. Indien 'n lid van die raad self hierdie ampte beklee, ontvang hy geen vergoeding behalwe redelike reiskoste nie, terwyl vergoeding aan 'n buitestander deur die Minister van Onderwys vasgestel word.[7)]

---

1). Smutswet: artikels 4 .
2). Id., art. 49.
3). Id., art. 50. Die koste is na die aanvaarding van die Suid-Afrika-Wet bestry uit die Provinsiale Inkomste Fonds.
4). Smutswet: art. 51.
5). Id., art. 52.
6). Id., art. 53.
7). Id., art. 54. Goewerments Gazette: Goewermentskennisgewing no.1325 van 1907.

Vergaderings moet ten minste een keer elke twee maande gehou word. 'n Spesiale vergadering kan deur die voorsitter of ondervoorsitter of op skriftelike versoek van drie lede belê word.[1]

In 'n aantal algemene bepalinge word die regsbevoegdheid van die raad omskryf. Geen dokument wat deur die raad bekragtig moet word, sal van krag wees nie tensy dit deur sowel die voorsitter as die sekretaris onderteken is nie; 'n kontrak sal uitgevoer word indien dit deur die voorsitter en een of meer gemagtigde lede van die raad geteken is; geen uitbetalings uit fondse van die raad sal deur die tesourier gemaak word nie tensy hy gemagtig is deur 'n raadsbesluit.[2]

(iii) Bevoegdhede en Pligte van Skoolrade.

Sekere skole en inrigtings wat in 'n bylae van die wet genoem is, en ander wat van tyd tot tyd deur proklamasie bygevoeg kan word, word van die toesig van die rade uitgesluit.[3]

Die algemene pligte van skoolrade sal wees om oor alle openbare skole, klasse en inrigtings toesig te hou, en enige lid van 'n raad sal toegang hê tot hierdie skole, klasse en inrigtings, met die voorbehoud dat lede nie enige inbreuk mag maak op die werksaamhede wat daarin uitgevoer word nie. Die Direkteur van Onderwys voorsien rade van afskrifte van inspeksierapporte en die rade mag enige aanbevelings, wat die belange van die inrigtings of skole

1). Smutswet: art. 55.
2). Id., art. 56.
3). Id., art. 57.

raak, aan die departement voorlê.[1]

Skoolrade adviseer die departement met betrekking tot die stigting van skole en die voorsiening van akkommodasie. Die departement sal nie enige stappe in hierdie verband doen sonder raadpleging of aanbeveling van die betrokke skoolrade nie.[2]

In terme van artikel 17 van die onderwyswet kan aansoek gedoen word vir 'n plaasskool. Die skoolrade sal so 'n aansoek ontvang en die toelaes aan die goedgekeurde skole uitbetaal. Die rade kan aansoeke om toelaes by die departement aanbeveel of dit van die hand wys sonder raadpleging van die Direkteur van Onderwys. In laasgenoemde geval kan die aansoeker na die Direkteur van Onderwys appelleer.[3]

Die departement delegeer van tyd tot tyd sekere magte aan die skoolrade in verband met die oprigting of huur van skoolgeboue, onderwyserswonings, koshuise en ander geboue, asook die aankoop van die nodige skoolterreine.[4]

Die departement delegeer verder van tyd tot tyd sekere magte aan die skoolrade in verband met die instandhouding van skoolgeboue, vir skoolmeubels en toerusting, vir beurse en koste in verband met enige saak rakende die uitvoering van die pligte van die skoolrade en in sake waartoe hulle deur regulasies gemagtig is.[5]

---

1). Smutswet art. 58.
2). Id., art. 59. Volgens artikel 7 van Wet no.3 van 1909 kan 'n raad ook grense vasstel waarbinne skole aan die opvoedkundige behoeftes voorsien.
3). Smutswet: art. 60.
4). Id., art. 61.
5). Id., art. 62.

Skoolrade is verantwoordelik vir die instandhouding en versorging van geboue en terreine, insluitende koshuise en onderwyserswonings, meubels en toerusting. Rade sal volmag hê om geboue vir gebruik buite skoolure vir ander doeleindes beskikbaar te stel of te weier, en hulle kan hulle reg aan beheerrade of skoolkomitees oordra.[1]

Skoolrade sal alleen sake wat die skoolkomitees aan hulle voorlê, behandel,en aanbevelings sal in daardie verband aan die departement voorgelê word. Rade behou die reg om self besluite oor bogenoemde sake te neem, met dien verstande dat skoolkomitees die reg sal hê om na die Direkteur van Onderwys te appelleer indien hulle volgens eie oordeel in die ongelyk gestel is.[2]

Skoolrade moet alle dokumente, finansiële state en statistieke deur die departement verlang, voorsien.[3]

(iv) <u>Bepalings in verband met skoolkomitees.</u>

Alle skoolkomitees wat volgens bepalings van ordonnansie no.7 van 1903 verkies is, sal voortbestaan tot 30 Junie 1908, waarna nuwe komitees saamgestel sal word.[4]

Skoolkomitees sal, soos die skoolraad mag besluit, bestaan uit nie minder as vyf en nie meer as sewe lede nie. 'n Skoolkomitee sal vir elke openbare skool gekies word, uitgesonderd vir gesubsi-

---

1). Smutswet: art. 63.
2). Id., art. 64.
3). Id., art. 65.
4). Id., art. 66.

dieërde plaasskole en skole deur die onderwyswet daarvan vrygestel.[1)]

(Volgens artikel 2 van wet no.28 van 1908 is die kwalifikasie tot verkiesing dieselfde as die vir skoolrade soos aangedui in artikel 40. Skoolkomitees word ook saamgestel vir drie jaar.)

In sekere gevalle het die skoolrade die mag om self of deur 'n subkomitee gekies uit eie geledere die skole te beheer, met die volgende voorbehoude; waar 'n skoolkomitee bestaan, sal die skoolraad van sy magte gebruik maak alleen wanneer die skoolkomitee dit versoek, en daarna sal die skoolkomitee ontbind; waar geen skoolkomitee bestaan nie, sal op 'n skriftelike versoek, geteken deur nie minder as vyftig persent van die ouers van skoolgaande kinders nie, deur die raad goedkeuring verleen word tot die verkiesing van 'n skoolkomitee.[2)]

Die verkiesing van skoolkomitees sal deur die skoolrade gereël word.[3)] Ouers wat binne die skooldistrik of binne drie myl van die grense daarvan woonagtig is en wat een of meer kinders in die skool het, sal stemgeregtig wees.[4)]

Die bepalings van artikels 51 tot 55 sal mutatis mutandis ook op skoolkomitees van toepassing wees, behalwe dat die sekretaris of penning-

---

1). Smutswet: art. 67. Onderwyswet 1907, 50. 'n Derde bylae is by die onderwyswet gevoeg waarin die name van skole, hoofsaaklik name van middelbare skole wat vrygestel is, verskyn.

2). Smutswet: art. 68.

3). Id., art. 69.

4). Id., art. 70. Hierdie artikel is teruggetrek deur artikel 8 van wet no.3 van 1909.

meester van 'n skoolkomitee nie vergoeding vir sy dienste sal ontvang nie.[1]

Die magte en pligte van skoolkomitees sal wees om:

1. alle sake rakende die welsyn en doeltreffendheid van hulle skool onder die aandag van die skoolraad te bring;
2. stappe te doen om te verseker dat geboue in 'n goeie toestand gehou word;
3. deel te neem aan die benoeming, skorsing of ontslag van onderwysers binne perke van die wet;
4. sodanige magte uit te oefen as wat die skoolraad in terme van die wet aan hulle delegeer.[2]

Skoolkomitees sal in alle sake met die skoolrade onderhandel en nie met die departement nie.[3]

(v) <u>Plaaslike Bestuur van skole, klasse en inrigtings wat nie onder die toesig van skoolrade val nie, en waarvoor daar nie vir skoolkomitees voorsiening gemaak word nie.</u>

Artikel 73 van die Smutswet bepaal dat die Minister van Onderwys (later Administrateur) van tyd tot tyd reëlings kan tref vir die instel van beherende liggame vir enige openbare skool of inrigting wat, volgens die onderwyswet, nie onder toesig van die skoolrade val nie. Die openbare skole of inrigtings asook die magte van die beherende liggame sal van tyd tot tyd deur die re-

---

1). Smutswet: art. 70. Hierdie artikel is teruggetrek deur artikel 8 van wet no.3 van 1909.
2). Smutswet: art. 71.
3). Id., art. 72.

gulasie voorgeskryf word.[1]

(vi) Wysigings tot 1910 van Onderwyswet No.25 van 1907 met betrekking tot beheer.

Die deeglikheid waarmee die Smutswet opgestel is, word gestaaf deur die feit dat die wet tot aan die einde van 1910 slegs twee maal gewysig is, en in albei gevalle het dit betrekking gehad op plaaslike besture.[2]

Wysigingswet no.28 van 1908 bepaal dat die grense nie noodwendig dieselfde sal wees as dié van sekere kiesafdelings nie, maar dat die grense vasgestel kan word soos die omstandighede dit vereis.[3] Noukeuriger omstandighede waaronder 'n kommissie vir 'n openbare skool saamgestel mag word asook die voorwaardes vir lidmaatskap van so'n kommissie word bepaal.[4]

Wet no.3 van 1909 magtig skoolrade om die vervoer van leerlinge te onderhou, sowel as om ooreenkomste aan te gaan vir die vervoer; dit het verder die Minister gemagtig om regulasies vir skoolkomitees op te stel en skoolrade gemagtig om sake, rakende die voorstelling van skoolgrense te hanteer.[5]

Die departement het op elke vertolking van

---

1). Smutswet: art. 73.

2). Van Wyk: Plaaslike Beheer in die Onderwys van Transvaal 1902-1910, 154.

3). Wet no.28 van 1908, art. 1.
T.O.D. - Rapport 1909, 6.

4). Wet no.28 van 1908, art. 2.
T.O.D.-Rapport 1909, 6.
Dieselfde kwalifikasies van lede vir skoolkomitees sou geld as wat vir lede van skoolrade neergelê is (Art. 40 in Smutswet).

5). T.O.D.- Rapport 1909, 6.

die onderwyswet 'n reeks regulásies laat volg. Hierregulasies moes as leidraad dien vir die uitvoerende personeel, die skoolrade, skoolkomitees, beherende liggame asook vir die onderwysers.[1]

(vii) Die Algemene verloop van die onderwyswet vanaf 1907-1910.

a. Skoolrade.

In die staatskoerant van 8 November 1907 verskyn goewermentskennisgewing no.1099, wat die aantal skoolraadsdistrikte met die lede vir elke distrik bepaal.[2] Daar was 26 distrikte.

Die aantal skoolraadsdistrikte is later vermeerder na 27 met distrik Piet Retief met nege lede.[3]

Die name van die skoolraadslede is op 27 Desember 1907 aangekondig en die volgende dag het hulle dienstermyn begin.[4]

b. Verpligte Onderwys.

Volgens artikel 21 van die skoolwet rus die verpligting op die skoolraad om die regulasies met betrekking tot skoolplig uit te voer.[5] Dit sou die taak van elke raad wees om die beste metodes en middels aan te wend om hierdie pligte te vervul.

Die uitvoering van die wet was tot 1910 'n langsame proses en wel om 'n verskeidenheid van redes. Die samewerking van al die ouers moes verkry

---

1). Snyman: Historiese Kritiese Studie van die Smuts-Onderwyswet van 1907, 271.

2). Goewerments Gazette: Goewermentskennisgewing no. 1099 van 1907.
Onderwys Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikel 3.

3). T.O.D.-Rapport. 1909-1910, 12.

4). Goewerments Gazette: Goewermentskennisgewing no.1412 van 1907.

5). Smutswet: art. 21.

word en die eerste paar jaar kan met reg as 'n oorgangstydperk beskou word. Lang afstande, vol riviere, gebrekkige vervoergeriewe en die te kort aan onderwysers, jeugarbeid op plase is almal faktore wat 'n nadelige uitwerking op die skoolbesoek gehad het.

c. Beurse.

Die regulasies waarvolgens beurse onder art. 6 van die onderwyswet op aanbeveling van die Onderwysraad onder artikels 8(e) en 90(1)(e) van die wet word in artikels 54 tot 106 van die instruksies bepaal.[1)]

Beurse is aan leerlinge van laerskole, middelbare skole, ambagskole en Normaalkolleges toegeken onder sekere voorwaardes.

4. Personeelvoorsiening, aanstelling, skorsing en ontslag van onderwysers.

a. Personeelvoorsiening.

Die personeelvoorsiening by die verskillende skole is volgens hulle grade deur regulasie vasgelê. Die skoolrade was verantwoordelik vir die beheer oor die personeel by skole, en die raad moes enige vermeerdering of vermindering van poste en ook die sluiting of stigting van nuwe skole by die departement aanbeveel.[2)]

b. Die aanstelling van onderwysers.

Die regulasies wat in ag geneem moes word met betrekking tot onderwysers onder artikels 78-81

---

1). Onderwys Wet 1907, Instructies en Regulaties, artikels 54-106.

2). T.O.D.- Rapport 1909-1910, 35.

van die wet op aanbeveling van die Onderwysraad onder artikels 8(e) en 90(1)b van die wet is neergelê in artikels 136-153 van die regulasies:

> „n Vakature in n skool kan ontstaan deur vermeerdering van personeel, deur bedanking of skorsing, deur vrywillige uittrede of afwesigheid." So n vakature moet deur die skoolraad

hanteer word.[1]

Vakatures sal in sowel die Offisiële Gazette as in een Engelse en een Hollandse dagblad geadverteer word. Skoolrade en komitees kan vakatures op eie koste, met inagneming van die voorwaardes soos neergelê in die betrokke pos, in die openbare pers adverteer.[2]

Die aansoek van applikante moes aan die skoolraadsekretaris gerig word en terselfdertyd moes die departement van die aansoeke in kennis gestel word. Volgens instruksies moes elke skoolraad die nodige stappe doen om die wense van die skoolkomitee of beheerraad te verneem voordat n aanbeveling vir n benoeming van die departement voorgelê word.[3]

Die finale verantwoordelikheid om n keuse te maak het egter by die skoolraad berus.[4] By die nakoming van hierdie verantwoordelikheid het die rade nie altyd op dieselfde wyse opgetree nie - sommige het sonder meer die aanbeveling van die skoolkomitee geendosseer, ander weer het tot die ander uiterste gegaan en die skoolkomitee glad nie in ag geneem nie.

---

1). Onderwijs Wet 1907 1907, Instructies en Regulaties, artikel 138.
2). Id., art. 141.
3). Id., art. 143.
4). Id., art. 78.

Volgens die Direkteur van Onderwys het die meeste rade nie versuim om die aanbevelings van die komitees noukeuring na te gaan nie en ook nie gehuiwer om die aanbevelings ter syde te stel indien hulle gereken het dat dit nie in belang van die kinders van die skool was nie.[1]

Indien die Direkteur van Onderwys nie bereid is om 'n applikant aan te stel wat deur die skoolraad aanbeveel is nie, word die aanbeveling in heroorweging terug verwys. Indien die skoolraad met hulle eerste aanbeveling volstaan, of as die Direkteur ook nie die heraanbeveling kan aanneem nie, word die saak na die Raad van Onderwys ooreenkomstig artikel 8(d) van die wet verwys. Die Raad van Onderwys doen dan 'n aanbeveling aan die Minister van Onderwys by wie die finale beslissing berus.[2] Hierdie reëlings het baie goed gewerk, en daar was slegs enkele gevalle wat na die Onderwysraad verwys is.[3]

(c) Die skorsing en ontslag van onderwysers.

Volgens artikel 80 van die onderwyswet word bepaal dat die skoolraad, beheerraad of skoolkomitee 'n onderwyser kan skors indien 'n skriftelike klag, behoorlik onderteken, in verband met onsedelike gedrag of drankmisbruik, deur die inspekteur van onderwys of ten minste twee ander persone teen hom ingedien word.[4] Sodra die saak onder die aandag van die Direkteur gebring is, sou hy daaroor beslis.[5]

1). T.O.D. -Rapport 1909-1910, 42-43.
2). Onderwys Wet, 1907, art. 145.
3). T.O.D.- Rapport 1909-1910, 43.
4). Smutswet, art. 80.
5). Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, art. 159 (b)(1).

„Met betrekking tot sektie 80 is die macht om te schorsen, aan schoolkommissies verbind, in geen geval misbruickt.[1]

In artikels 159(b)(2) en 159(c) 2-4 van die Instruksies en Regulasies word dan verder uitvoerige instruksies gegee hoe die skoolkomitee, beheerraad of skoolraad, direkteur en onderwysraad verder optree i.v.m. die ontslag van 'n onderwyser.[2]

Ook hier is slegs enkele gevalle deur rade by die Direkteur van Onderwys vir ontslag aanbeveel. Daar was gevalle waar die rade die verplasing van onderwysers aanbeveel het vanweë hulle algemene ongeskiktheid vir die poste waarin hulle was. Sodanige oorplasings het moeilikheid opgelewer, want 'n permanente onderwyser kan nie in dieselfde hoedanigheid oorgeplaas word, alvorens die skoolraad waarheen die oorplasing sal plaasvind die permanente benoeming van die onderwyser by die direkteur sou aanbeveel nie. Die direkteur was dan genoodsaak om in sommige gevalle 'n onderwyser aan te raai om vir 'n ander pos aansoek te doen, aangesien so 'n verandering in belang van die skool sou wees.[3]

5. Segregasie van blank en gekleurd in openbare skole.

Dit was die verantwoordelikheid van die skoolraad of beheerraad om volgens artikel 29 toe te sien dat geen gekleurde tot blanke skole toegelaat

---

1). T.O.D.-Rapport, 1909-1910, 45.
2). Onderwijs Wet 1907, Instructies en Regulaties, art. 159 (b)(2) en 159 (c)(2-4).
3). T.O.D.- Rapport 1909-1910, 45.

word nie.[1] Dit was een van die weinige verantwoordelikhede waar die besluit van die skoolraad finaal sou wees.

6. Uitvoering van die Taalbepalings van die Wet.

Die medium van onderrig in die laer standerds sou die moedertaal wees.[2] Die moedertaal moes aangewend word totdat die kind behoorlike opvoedkundige vordering en ontwikkeling kan maak. Waar die moedertaal nie Engels was nie, sou Engels as voertaal geleidelik ingevoer word, en na voltooiing van die standerd drie-kursus sou dit uitsluitlik aangewend word.[3]

Probleme wat mag ontstaan in verband met die medium van onderrig in 'n openbare skool sou aan die skoolraad of beheerraad voorgelê word vir oorweging en beslissing, met die reg van appél na die Minister van Onderwys.[4]

c. Die Britse beïnvloeding in die Smutswet van 1907 ten opsigte van beheer.

Met die toekenning van selfbestuur volg die eerste verkiesing op 20 Februarie 1907 en die Het-Volkparty het 'n volslae meerderheid gekry. Die C.N.O.-manne was in hulle skik en het die hoop gekoester dat die C.N.O.-beginsels nou verwesenlik sou word.[5] Ontnugtering het gevolg want in 'n toespraak deur die Minister van Onderwys, generaal J.C. Smuts, op Boksburg het hy dit duidelik gestel dat hy 'n eenvormige staatstelsel beoog, waaronder alle Engels- en Afrikaanssprekende

---

1). Smutswet: art. 29.
2). Goewerments Gazette: Goewermentskennisgewing no. 309 van 1909.
3). Smutswet 1907, art. 30.
4). Id., art. 33.
5). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1636-1907), 457.

kinders saam opgevoed kan word.[1] Die C.M.O.-skole sou dus ten gronde moes gaan of na die staatstelsel oorkom.[2]

Hoewel die Britse volk in Brittanje teen 'n staatsonderwysstelsel gekant was, was die Britse owerheid in Suid-Afrika 'n groot voorstander van so 'n stelsel omdat hy daardeur die beste sy anglisasie-oogmerk kan bevorder.

„Het Kristelik Schoolblad" het sy teleurstelling uitgespreek dat die regering nie bereid was om die bestaande C.N.O.-skole tydelik tot die oorgangsperiode voltooi is, te steun nie, en dat die vrye gesubsidieerde skool vervang sou word deur 'n staatstelsel.[3]

(i) Plaaslike bestuur van skole.

Die instelling van skoolrade is indirekte Britse beïnvloeding via die Kaapkolonie. Soos reeds aangetoon, is deur die onderwyswet van 1870 skoolrade in Engeland en die wet van 1872 in Skotland in die lewe geroep. Na verskeie kommissie-verslae[4] en aanbevelings[5] is die Skoolradewet No.35 op 6 Junie 1905 deur die Wetgewende Raad in die Kaapkolonie goedgekeur.[6]

Deur die hele geskiedenis van die Kaapkolonie vanaf die kommissie van skolarge en later met Cradock se kosterskole in 1812 het die instelling van skoolkommissies 'n gevestigde instelling geword.

---

1). De Volkstem, 3.4. 1907.
2). Rand Daily Mail, 27.3. 1907.
2). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1836-1907), 458.
3). Het Kristelik Skoolblad, 1.5.1907.
4). De Villierskommissieverslag 1880.
Barry-kommissieverslag 1891.
5). Inspekteur John Samuel 1888.
Thomas Muir 1892.
6). Basson: Id., 487.

Hoewel dáar miskien nie so 'n direkte verband tussen die instelling van die Britse en Kaapse skoolrade bestaan nie, is dit tog duidelik dat die Kaapse onderwysmanne die idee van skoolrade uit Brittanje gekry het.[1)]

Wat die Transvaalse skoolrade betref bestaan daar egter geen twyfel dat hulle wel op die Kaapse skoolradewet gebaseer is nie. Basson haal die „Bulletin of Educational Statistics" (1939) aan wat duidelik sê dat die Smutswet die Kaapse stelsel van skoolrade nagevolg het.[2)]

Daar is ook groot ooreenkoms wat betref algemene bevoegdhede, funksies en die samestelling van skoolkomitees tussen die Kaapse en Transvaalse stelsels.[3)]

Ten opsigte van die grondbeginsels van die Smutswet sê prof. J. Chris Coetzee:

> „Die Smutswet bou voort op die grondgedagtes van die Selborne-memorandum. Dit handhaaf die Britse onderwysbeginsel van openbare onderwys as 'n staatsonderneming. Daarom verwelkom Adamson dit as „native, sound and liberal." Dit verwerp die Afrikaanse beginsel van staatsondersteunde onderwys; dit aanvaar nie die grondreg van die ouers om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal en om die onderwyser vir hulle kinders aan te wys nie, en ook nie die standpunt van die Afrikanervolk betreffende hulle taal en godsdiens nie.[4)]

---

1). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1836-1907), 489.

2). Basson: Id., 489.

3). Id., 491.

4). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 280.

Dr. Basson merk egter op dat dit te betwyfel is dat die daarstelling van openbare onderwys met reg 'n Britse beginsel genoem kan word. Die ontwikkeling van onderwys in Brittanje bewys onteenseglik dat daar 'n hewige stryd gestry moes word om opbenbare onderwys aldaar gevestig te kry; slegs die finansiële ontoereikendheid van private ondernemings het die Britse volk daartoe gedwing om staatsonderwys geleidelik te aanvaar.[1)]

Die Britse owerhede het nie dieselfde administrasie van die onderwys wat in Brittanje in werking was, in die Transvaal kom toepas nie, omdat hulle as magshebbers die Afrikaanse bevolking wou verengels en hulle dus nie seggenskap in die beheer van die onderwys wou gun nie. Vandaar die gesentraliseerde administrasie.[2)]

Dr. Basson wys verder daarop dat die vrywillige stelsel en die onderwysbeginsels wat in die eerste aantal jare van die 20e eeu in die Transvaal en Kaapland sterk bedreig is, en deur die Afrikanerleiers verdedig moes word, inderdaad van Britse herkoms is. In die loop van jare is dit egter as Afrikaanse beginsel aanvaar.[3)]

Pells sê in verband met die instelling van staatsondersteunde skole deur Rose-Innes:

> „Did Rose-Innes know that he was making educational history? He knew his people and he knew the sort of school they would be

---

1). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1836-1907), 492.
2). Basson: Id., 492.
3). Id., 493.

prepared to accept generous government financial assistance and ample local control."[1]

Hierdie regulasies van Rose-Innes het die grondslag gevorm waarop die staatsondersteunde skoolwese van die Transvaal met die waarborgstelsel opgebou is. Die stelsel het gestrook met die Afrikanervolk se demokratiese- en godsdiensbeskouing dat die ouer verantwoordelik is vir die opvoeding van sy kinders, en 'n seggenskap in die bestuur van die skool en die keuse van die onderwyser moet hê.[2] Dit is hierdie belangrike beginsel wat soos prof. J. Chris Coetzee tereg beweer, deur die Smutswet verwerp is.[3] Die sterkste beswaar teen die verontagsaming van hierdie beginsel het aan die kant van die Gereformeerde Kerk gekom.[4]

Die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk kon hom nie eintlik teen die wet versit nie, omdat hy hom op politieke gebied met Het Volk Party vereenselwig het, en toe die volksleiers hierdie beginsels prysgegee het, kon die kerk hom nie maklik teen sy eie leiers verweer nie.[5]

Hoewel generaal Smuts gesê het dat hy die Britse onderwysbeskouings sowel as die C.N.O.-beginsels in sy onderwyswet sou saamvat sodat dit die goedkeuring van almal kon wegdra, het hy hom tog weinig aan die C.N.O.-beginsels gesteur en in hoof-

---

1). Pells: 300 Years of Education in South Africa, 25.
2). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1836-1907), 493.
3). Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 280.
4). Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 113.
5). Lugtenburg: Die glorietydperk van die stryd vir Christelike Onderwys, 301.

saak sy wetgewing op die bestaande Britse stelsel gebaseer,[1] daarom dan ook dat sprekers van die Britsgesinde progressiewe party deurgaans hul ingenomenheid daarmee uitgespreek het.

4. Kritiese beoordeling.

Die kerk het in die geskiedenis van ons skoolwese vanaf die volksplanting 'n belangrike aandeel in die onderwys gehad. Met die volksplanting het die kerk die beherende aandeel gehad. Namate die staat meer op die voorgrond getree het en onderwys verpligtend geword het, het die kerk se beheer van die onderwys afgeneem. Die industriële rewolusie gee in ons stamlande en in die V.S.A. aanleiding tot die sosialisering van die onderwys. Dit bring die sekularisasie van die onderwys mee, die eliminasie van die kerklike oppermag en die vervanging van staatsteun uiteindelik deur staatsbeheer. Hierdie invloede laat hulle ook in Suid-Afrika geld. In ons stamlande en die V.S.A. met hulle gedesentraliseerde onderwysstelsels en groter plaaslike vryheid speel die kerk nou nog 'n belangrike rol in die plaaslike gemeente of distrik.

Weens die politieke despotisme aan die Kaap in die begin van die 19de eeu wat 'n angliseringsbeleid wou uitvoer, kry ons 'n gesentraliseerde onderwysstelsel in teenstelling met die gedesentraliseerde stelsels in die stamlande. Om dieselfde redes word ook 'n gesentraliseerde stelsel in Transvaal na die Anglo-Boereoorlog toegepas.

In Transvaal is onderwys aan die begin suiwer 'n ouer-verantwoordelikheid sodat die Boer in latere jare toe beter onderwysgeleenthede gebied is,

---

1). Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys (1836-1907), 497.

verkies het om nog sy eie sake op onderwysgebied te behartig. Die staat neem spoedig die onderwysbeheer oor, maar weens die feit dat die staat self besig was om bestendigheid te verkry en die swak geldelike posisie waarin die staat verkeer het, het die kerk baie van die onderwysverantwoordelikheid op homself geneem. Met die toepassing van die C.N.O.-beleid van ds. Du Toit is groot magte aan plaaslike instansies toegestaan, maar weens die algemene volksarmoede en die feit dat die bevolking nog nie ryp was om bevoegde beheer en toesig uit te oefen nie, misluk die reëling grootliks. Die Nederlandse onderwysreëling en die gees van vryheid wat dit kenmerk, het groot invloed op die C.N.O.-beleid veral ten opsigte van die beleid om groter ouerseggenskap in Transvaal. Die aanvanklike Engelse toepassing van die beginsel van vrywillige bydraes deur die gemeenskap vir die onderwys in die Kaapprovinsie is 'n beginsel wat die C.N.O.-leiers later in Transvaal toegepas wil sien om ouerbelangstelling te verseker en daardeur ook groter plaaslike of ouerbeheer in die onderwys te verkry.

Beheer in die onderwys was teen die einde van die 19de eeu reeds nou verbonde aan die finansiëring van die onderwys. Waar onderwys verpligtend geword het en die staat moes sorg vir die uitvoering daarvan deur alle uitgawes te betaal, het hy ook so te sê volle beheer oor die onderwys gehad. In die V.S.A., Engeland, en Nederland dra die kerk en liefdadigheidsinrigtings, anders as in Transvaal, by tot die onderwysfinansiëring, daarom dan ook dat plaaslike belange groot seggenskap behou het in die beheer van die onderwys.

Met die C.N.O.-stryd vanaf 1902-1907 het die kerke hulle volle gewig ingegooi en altyd vooraangestaan in die stryd teen die verkragting van eie onderwysbeginsels. Nadat dit duidelik geword het dat die C.N.O.-skole deur die staat oorgeneem sou word, was dit veral die leiers van die Gereformeerde Kerk wat die gedagte van vrye skole voorgedra het.

Die instelling van adviserende skoolrade en skoolkommissies deur die Smutswet het nie gestrook met die Afrikanervolk se vryheidsin en godsdiensbeskouinge nie. Die ouer was verantwoordelik vir die opvoeding van sy kind en wou seggenskap in die bestuur van die skool en die keuse van die onderwyser hê. Die skoolkomitees was veronderstel om 'n mate van gesag te hê, maar weens die gesaguitoefening van bo het baie van die gesag verlore gegaan, sodat die skoolkomitee net 'n skoolkomitee in naam was.

Die Smutswet is heeltemal teenstrydig met wat die Britse magshebber in sy eie land het. In Transvaal handhaaf hy 'n gesentraliseerde stelsel wat in sy eie land nie gedoog sal word nie. Die beginsel van vry laer onderwys en verpligte skoolbesoek word na 1907 as 'n nasionale saak in die onderwys in Transvaal aangepak. Die verpligte skoolbesoek was toegejuig van Afrikanerkant, maar die kostelose onderwys het teenkanting ondervind, omdat verlies aan ouerseggenskap en -belangstelling daarmee gepaard gaan, en omdat dit juis die wapen was waarmee die magshebber die arm Afrikanerkind in die neutrale staatskool geforseer het.

Ten slotte kan met J.T. van Wyk akkoord gegaan word met die volgende stelling: „Die Smutsonderwyswet het 'n stewige onderwysbeheer-organisasie geskep wat

die onderwys ten goede gestrek het. Verpligte laer-onderwys met die beginsel van sentralisasie en met die nodige plaaslike toesig om die bepalings van die wet toe te pas, het die onderwys vinnig laat uitbrei."[1])

---oOo---

1). Van Wyk: Plaaslike Beheer in die Onderwys van Transvaal 1902-1910, 236-237.